# Gr 8 Oorsig: Afrikaans Huistaal

| Kwartaal | Tekste in konteks waarbinne leer en onderrig plaasvind | | |
|---|---|---|---|
| Kwartaal<br><br>1 | Drama<br>Week 1-5<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Luister Ass 1,4,6<br>Lu 2 Praat Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Lees en Kyk Ass 1,2,6,10<br>Lu 4 Skryf Ass 1,3,4<br>Lu 5 Dink en Redeneer Ass 1<br>Lu 6 Taalstrukture<br>Ass 1,2,3,4,5,6 | Multimedia<br>Week 6-9<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 1,2,7<br>Lu 2 Ass 2,3,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10<br>Lu 4 Ass 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4,5<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Gedigte<br>Week 10 - 11<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 1,5<br>Lu 3 Ass 1,5,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5 |
| Kwartaal<br><br>2 | Tekste uit ander leerareas<br>Week 1-4<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 2,3,7<br>Lu 2 Ass 2,5,6<br>Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10<br>Lu 4 As 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 5-8<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1 | Multimedia<br>Week 9-11<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 1,2,7<br>Lu 2 Ass 2,3,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10<br>Lu 4 Ass 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4,5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Lu 6 Ass 1,2,3,4,6 | Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 |
| Kwartaal<br><br>3 | Gedigte<br>Week 1-2<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5<br>Lu 3 Ass 1,5,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 3-6<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Tekste uit ander leerareas<br>Week 7-10<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2,3,7<br>Lu 2 Ass 2,5,6<br>Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10<br>Lu 4 As 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,6 |
| Kwartaal<br><br>4 | Multimedia<br>Week 1-3<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2,7<br>Lu 2 Ass 2,3,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10<br>Lu 4 Ass 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4,5<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Drama<br>Week 4-7<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,4,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,6,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 8 – 10<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 |
| Onthou: Die leerder moet voorberei word vir die formele taak daarom word die formele taak voorafgegaan deur ‘n informele taak | | | |

# LESPLAN

(multimedia)

**Afrikaans Huistaal**

**Onderwerp**: Veilig,  vrolik en verantwoordelik op ons strande

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad:8** |
|---|---|---|---|
| **Lu en Ass** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lu 1 Luister<br><br>As 2 **Luister** aandagtig vir **spesifieke inligting** en kerngedagtes en reageer gepas:<br><br>maak aantekeninge, **som op** en **dra inligting akkuraat oor;**<br><br>besin oor menings, stel weldeurdagte vrae en **bevraagteken waar nodig.**<br><br>As 7 Identifiseer die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.<br><br>Lu 2 Praat<br><br>As 3 Toon basiese praatvaardighede in 'n verskeidenheid mondelinge tekssoorte: | Nota aan onderwyser: (sien bl 15 van jou Prov Ass Guideline)<br><br>Onthou op **Huistaa**l vlak val die klem baie op **Lees** en **Skryf**<br><br>Die **formele take** hierdie kwartaal in **voorbereide toespraak** (30) berei die leerders ook voor vir die skryf van 'n **verhalende opstel.** (200- 250 woorde) (40 punte)<br><br>Aktiwiteit 1 (**Projek)**<br><br>Dit is weer daardie tyd van die jaar wanneer baie mense koers kies see se kant toe.<br><br>Strande behels meer as net water en sand. Krappe, insekte, voëls en ander diere-inwoners is van hierdie ekosisteem afhanklik vir hul kos wat dikwels deur die branders uitgespoel word. Die klas moet onthou dat as jy 'n strand besoek is jy inderdaad net 'n besoeker, want baie lewende wesens leef daar. Tree verantwoordelik op en help die sensitiewe ekosisteme bewaar. **Raak betrokke by 'n projek wat strande help skoon hou.** | gemeenskapsprojek<br><br>onderwyser<br><br>hele klas | In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke gedigte wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog |

| | | | |
|---|---|---|---|
| orden moeilike mondelinge instruksies en **beskrywings akkuraat**;<br><br>verduidelik hoe om 'n eksperiment uit te voer;<br><br>voer onderhoude met lede van die gemeenskap deur die basiese tegnieke vir onderhoudvoering te gebruik.<br><br>As 4  Toon 'n verskeidenheid basiese interaksievaardighede deur **aktief aan groepbesprekings, gesprekke, onderhoude en debatte** deel te neem:<br><br>bespreek belangrike vraagstukke (soos sosiale en etiese kwessies betreffende menseregte en die omgewing);<br><br>neem verskillende rolle aan;<br><br>herken ander se menings en verskil beleefd waar nodig;<br><br>motiveer eie standpunt;<br><br>gee en ontvang opbouende kritiek;<br><br>oorreed ander;<br><br>toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.<br><br>As 5  Doen mondelinge aanbiedings met redelike akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te gee aan: | Wêreld-kusopruimingsdag is die derde Saterdag van September.  Die hele klas kan betrokke raak as julle naby die kus woon.  Vind meer uit by http://sancor.nrf.ac.za/international-coastal-cleanup-20-sep-2008<br><br>Die hele klas kan nog steeds help al woon julle nie naby die kus nie.  Die hele gr 8 klas kan 'n rivier of dam of die strate of die parke in jul omgewing skoonmaak.  Verwyder alle vullis en trek plante uit wat nie daar hoort nie.<br><br>Aktiwiteit 2 (woordekat)<br><br>Ken jou **woordeskat.**  Laat die leerders in pare saamwerk en kyk hoe gou kan hulle die Engels woorde vir die volgende kry: *verantwoordelik, branders, koraalriwwe, skulpe, golwe, krappe, rotspoele, getye, sonbeskermingsroom, sonbril, haaie, lewensredder, veiligheidswenke, vakansie,*<br><br>Laat die leerders A4-papier of karton, skryfbehoeftes en ou tydskrifprente gebruik om bogenoemde woorde visueel voor te stel.  Maak seker dat die korrek gespelde Afrikaanse en Engelse woord op die prent verskyn.  Sit dit nou teen die klaskamermure op.<br><br>Aktiwiteit 3<br><br>Het jou leerders al ooit 'n strand met 'n blou vlag gesien?<br><br>Weet jou leerders hoekom daardie vlag daar is?  So 'n strand het blouvlagstatus, 'n internasionale toekenning wat jaarlikse gegee word aan strande wat uitstekende geriewe, omgewingsbestuur, veiligheid, en inligtingsdienste bied.  In 'n neutedop beteken dit dat so 'n strand is omgewingsvriendelik en ook mensvriendelik.<br><br>**Hou 'n debat**: Dink julle blouvlagstrande is 'n goeie of 'n slegte idee?  Hoekom / hoekom nie?<br><br>Die leerders kan meer oor blouvlagstrande uitvind by: www.blueflag.org/ of www.southafrica.info/travel/surf/blueflag<br><br>Aktiwiteit 4 | woordeboekgebruik<br><br>in pare<br><br>debat<br><br>kaartwerk | steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding.  Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>**Leerders met 'n spraakgebrek**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer.  Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer<br><br>**Skryfprobleme**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang |

| | | | |
|---|---|---|---|
| duidelike en hoorbare uitspraak;<br><br>die gebruik van pouses;<br><br>tempo- en volumewisseling;<br><br>doel en teikengroep;<br><br>liggaamshouding en -taal;<br><br>verskillende aanbiedingswyses;<br><br>register;<br><br>toon;<br><br>verskillende sosiale en kulturele konvensies;<br><br>gepaste tegnieke soos klimaks en antiklimaks en hiperbool (oordrywing tere wille van effek).<br><br>As 6 Identifiseer en bespreek kenmerke wat tot die sukses van eie kommunikasie bydra.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 2 Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos in vorige grade ontwikkel).<br><br>As 3 Bespreek die doel, teikengroep en konteks van 'n teks.<br><br>As 4 Toon begrip van informatiewe tekste:<br><br>identifiseer hoofgedagtes en maak 'n opsomming; | Laat die leerders in koerante of op die internet rondsoek en 'n lys maak van 2009-2010 se blouvlagstrande.<br><br>Laat die leerders dit nou op 'n kaart van Suid-Afrika aantoon. Hulle kan die kaart vergroot en fotostateer en die blouvlagstrande langs ons kus met drukspykers merk. Laat die leerders verskillende kleure drukspykers gebruik om strande in verskillende provinsies uit te wys.<br><br><u>Aktiwiteit 5</u><br><br>Ons gaan strand toe. **Maak 'n lys** van alles wat jy gaan inpak. Kyk wie het die langste lys van artikels wat die persoon in sy/haar strandsak ingepak het.<br><br>*Voorbeeld: 'n hoed, sonbril, sandale/plakkies, drinkwater, sonbeskermingsroom*<br><br><u>Aktiwiteit 6</u> (navorsing)<br><br>Haaie is eintlik nie mensvretende monsters nie, maar dit gebeur soms dat mense vir hulle soos 'n prooi lyk en dan val hulle aan. *(sien Daily Dispatch artikel van 11 Aug 09 in verband met haai aanval in Port St Johns)*<br><br>Wat beteken die groen vlag, die swart vlag, die rooi vlag, die wit vlag met 'n swart haai op en as daar geen vlag is. Die leerders moet gaan uitvind wat elke haaivlaggie beteken.<br><br><u>Aktiwiteit 7</u><br><br>Vra die klas watter leerders al by die see vakansie gehou het of hulle al daar in gevaar verkeer het. Laat die leerders hulle ervarings met mekaar deel. (*versamel nou inligting of idees vir die skryf van jou verhalende opstel later in die kwartaal of eksamen)* | maak 'n lys<br><br>kompetisie<br><br>navorsing<br><br>gaan slaan/soek op info<br><br>klasgesprek | stukke te skryf<br><br>Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes |

| | | | |
|---|---|---|---|
| verduidelik hoe besonderhede hoofgedagtes ondersteun;<br><br>bevraagteken idees waar gepas;<br><br>beoordeel die geldigheid van argumente en **maak gevolgtrekkings op grond van bewyse;**<br><br>identifiseer en verduidelik verskillende standpunte;<br><br>onderskei tussen menings en feite.<br><br>As 5 Verduidelik hoe die hoofkenmerke en struktuur van verskillende tekssoorte tot die funksie daarvan bydra (soos gedigte, kort romans, koerantberigte, briewe, ballades, boekresensies).<br><br>As 7 Ontleed tegnieke wat in visuele, geskrewe en multimedia-tekste gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik:<br><br>die doeltreffendheid van literêre tegnieke en taalgebruik;<br><br>die impak van ontwerpstegnieke (soos die soort en posisie van kunswerk, die gebruik van kleur);<br><br>die impak van kamera- en filmtegnieke (nabyskote, zoemskote, kamerahoek en terugflitse).<br><br>As 8 Reageer krities op tekste:<br><br>bespreek die skrywer se standpunt; | <u>Aktiwiteit 8 (</u>*benodig internettoegang*)<br><br>Verdeel jou klas in groepe voordat jy die hele klas neem na die rekenaarlokaal.<br><br>Die leerders moet meer leer oor besoedeling, veiligheid en speletjies op strande. Vir meer info besoek <u>www.epa.gov/beaches/kids/</u><br><br>Laat sommige groepe meer leer oor lewensredders en waterveiligheidswenke by <u>www.lifesaving.co.za/watersafety.php</u><br><br>By die volgende webblad <u>www.childsafe.org.za/nsun.htm</u> gaan die volgende groep meer leer hoe jy jou teen sonskade kan beskerm.<br><br>Leer meer oor ons strande by <u>www.southafrica.info/travel/surf/beaches.htm</u><br><br>Laat jou klas nou met behulp van ou tydskrifte en info wat hulle van bogenoemde webblaaie afgetrek het, vakansie**pamflette** saamstel met veiligheidswenke vir strandbesoekers onder die volgende hofies:<br><br>× Beskerm hierdie somer jou vel oë en vel teen die son<br><br>× Respekteer die natuur waar jy jou ook al bevind<br><br>× Sorg so dat jy altyd veilig swem<br><br>× Wees op die uitkyk vir gevare<br><br><u>Aktiwiteit 9 (</u>navorsing vir jou **toespraak)**<br><br>Reël rekenaartoegang sodat die leerders **navorsing** oor haaie kan doen.<br><br><u>Moontlike onderwerpe:</u><br><br>1. Leerders moet kan verduidelik hoe elkeen van 'n haai se sintuie hom sy prooi help soek en vang. (kyk by <u>www.pbs.org/wgbh/nova/sharkattack/hotsciencesharks/diagram.html</u> vir wenke) | groepwerk<br><br>klaswerk/navorsing<br><br>onderwyser<br><br>Maak van pamflette<br><br>Inligtingtoespraak<br><br>Self<br><br>Rubriek | Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom ten alle tye bystaan<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br>**<u>Swak siende</u>**: Hierdie leerder moet voor in die |

| | | | |
|---|---|---|---|
| bespreek implisiete (verskuilde) boodskappe, partydigheid en vooroordeel;<br><br>bespreek hoe die konteks die boodskap beïnvloed;<br><br>identifiseer wat uit die teks gelaat is en bespreek die redes daarvoor;<br><br>bevraagteken of hy/sy met die boodskap saamstem.<br><br>As 10 Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.<br><br>Lu 4 Skryf<br><br>As 1 Skryf 'n verskeidenheid verbeeldingstekste:<br><br>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;<br><br>verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, **dagboekinskrywings,** vriendskaplike briewe, **dialoë,** gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.<br><br>As 4 Gebruik die skryfproses saam met ander en individueel om tekste te skep:<br><br>kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van dinkskrumtegnieke, kopkaarte, vloeidiagramme en lyste;<br><br>gebruik toenemend ingewikkelde tekssoorte as skryfmodelle; | *2.* Leerders moet elkeen hul eie gunsteling-haaispesie kies en dan die volgende vrae daaroor beantwoord: *Hoe groot is die haai?, Hoe lyk hul habitat?, In watter wêrelddele kom hulle voor?, Hoe diep swem hulle in die see rond?, Wat eet die haaie?, Hoe oud word hulle?* (kyk op die webtuiste http://dsc.discovery.com/sharks/types-of-sharks.html vir wenke)<br><br>*3.* Leerders moet kan verduidelik hoekom haaie mense aanval en is haaie gevaarlik? Watter haaie val mense aan? (vind meer uit by www.whiteshark.co.za en www.sharkzone.co.za/shark-locations/shark-information.html<br><br>Aktiwiteit 10<br><br>Verdeel die klas in twee groepe. Een groep gaan ten gunste van 'n kwessie **standpunt inneem** en die **ander groep daarteen**.<br><br>Roer die volgende kwessies aan:<br><br>1. Dink julle dit is reg dat haaie gejag word vir hul vleis, vinne of ander liggaamsdele? Hoekom? Hoekom nie?<br><br>2. Bespreek die voor- en nadele daarvan dat haaie in aanhouding gehou word.<br><br>3. Bespreek die voor- en nadele daarvan dat mense in hokke in die water kan afsak om na haaie te kyk.<br><br>Aktiwiteit 11 (gesinsoefening)<br><br>Die winter is verby en julle as 'n huisgesin het almal gewig opgetel. Nou kan julle nie eers in verlede jaar se swemklere of somerklere inkom nie en julle wil die vakansie see toe!<br><br>Julle moet nou **in groepsverband** 'n program vir jou gesin uitwerk om saam fisieke aktiwiteite te doen wat almal sal geniet terwyl hulle oefening kry. Die vereistes is dat:<br><br>• Al die gesinslede tyd moet hê om aan die aktiwteite deel te | Klas verdeel in 2 groepe<br><br>Een ten gunste die ander groep daarteen<br><br>Klasbespreking<br><br>In groepsverband<br><br>Werk 'n program uit<br><br>Kom lewer verslag | klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>In die klaskamer<br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en |

beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;

organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;

## Lu 5 Dink en Redeneer

As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:

pas denk- en redenasievaardighede in verskeie kontekste oor die kurrikulum heen toe;

bepreek en verduidelik die perspektief en standpunt van die skrywer in verskeie tekste;

verduidelik en bespreek oorsaak en gevolg (soos: "Waarom is dit die oorsaak van …?");

stel 'n teenargument en gee redes (soos: "Ek stem nie saam nie, want…en ek staaf my redenasie soos volg …");

herken en verduidelik waarom inligting as "feitelik" of "objektief" beskou kan word;

gebruik eie ervaringe om 'n standpunt te motiveer;

stel vrae en maak afleidings ten einde probleme op te los en makliker oor komplekse sake, idees en gevoelens te dink (soos oor menseregte- en omgewingskwessies, persoonlike probleme, kruiskurrikulêre onderwerpe).

neem wat hulle beplan.

- Dit interessant en lekker moet wees.
- Dit vir hulle en hul gesinne die geleentheid moet gee om lekker te gesels en te kuier.

Na 'n maand kom lewer julle **verslag** oor jul vordering. Wie het die meeste gekla, gewig verloor en watter verskil het dit aan jul familiebande gedoen.

Aktiwiteit 12 (opname – hoe baie oefen julle?)

Hou 'n **klasbespreking** oor die voordele van oefening vir die liggaam en vra die leerders die volgende:

- Dink julle die skool bied genoeg geleenthede vir oefen?
- Dink julle julle kry genoeg oefening by die huis? Hoekom of hoekom nie?

Laat die leerders nou vasstel hoeveel hulle werklik oefen. Laat hulle 'n week lank 'n **oefendagboek** hou. Gebruik die volgende tabel en voorbeeld as riglyn:

| | Aktiwiteit | Het jy dit geniet? | Hoe lank was jy daarmee besig? | Totale oefening vir die dag |
|---|---|---|---|---|
| Ma | Stap saam met vriende skool toe | Ja, ons het lekker gesels ook | 15 minute | 15 minute |
| Di | Tennis oefening na skool | Ek geniet tennis | 45 minute | 45 minute |

Klasbespreking

Hou 'n oefendagboek

Selfassessering

interessante artikels moet moet beskikbaar wees.

Klaskameratmosfeer

Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word

<table>
<tr>
<td>
As 3  Verwerk inligting:<br><br>
eksperimenteer met verskillende maniere om aantekeninge te maak (soos die gebruik van afkortings ter wille van spoed);<br><br>
vind en vat inligting saam deur luister-, lees-, skryf- en kykvaardighede te gebruik;<br><br>
kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding;<br><br>
verander inligting van een formaat of taal na 'n ander (kodewisseling of vertaling);<br><br>
som inligting of idees op deur te kies, te kategoriseer en te redigeer en dink krities na oor die produk;<br><br>
formuleer gedagtes mondelings en skriftelik op toenemend komplekse maniere (soos: beweeg van enkelvoudig na saamgestelde sinne).<br><br>
<u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u><br><br>
As 1  Werk met woorde:<br><br>
gebruik kennis van lettergrepe om woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap;<br><br>
gebruik basiese spelreëls en 'n verskeidenheid spelstrategieë om onbekende woorde te spel;<br><br>
gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en
</td>
<td>
<table>
<tr><td>Wo</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Do</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Vry</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Sa</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>So</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
</table>
<br>
<u>Laat die leerders nou hulself assesseer:</u><br><br>
Dink jy jy kry genoeg oefening?  Geniet jy die oefening wat jy doen? Dink jy jy moet eerder een of twee nuwe maniere van oefen beproef? Indien wel,  watter nuwe oefeninge oorweeg jy?<br><br>
<u>Aktiwiteit 13 </u>(Die uitwerking van oefening op die liggaam)<br><br>
Gee nou die leerders die geleentheid om die uitwerking van oefening op hul liggaam te ervaar en waardeer.  Laat elke leerder in die klas oefenklere inpak en staan een lesuur aan die volgende oefening af.  Kies ‘n lesuur aan die einde van die dag vir die beste resultate.<br><br>
Sien kolom hier onder<br><br>
Laat die leerders die voor oefening kolom van die tabel invul.  Laat hulle dan verklee en 20 minute lank aktiwiteite deon soos trapklim, touspring,  gewigte soos swaar boeke optel en strek.<br><br>
Laat hulle nou die na oefening kolom van die tabel invul.
</td>
<td>
Invul van kolomme<br><br>
Selfevaluasie
</td>
<td>
Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.
</td>
</tr>
</table>

aksentteken);

skep eie spellys vir moeilike woorde, veral woorde van oor die kurrikulum heen, en bespreek probleemwoorde;

gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat en spelvermoë uit te brei;

gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;

gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat in konteks te ontwikkel;

verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hou nuutskeppinge in 'n taal ontstaan en gebruik dit gepas;

verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;

gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.

As 2  Werk met sinne:

identifiseer en gebruik die volgende in konteks:

* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname, abstrakte s.nwe.),

| | Voor oefening | Na oefening | Gevolgtrekking |
|---|---|---|---|
| Meet jou polsslag | | | |
| Hoe voel jy oor die algemeen? Kan jy konsentreer? Is jou kop dof of is jy vars en helder? Voel jy geïrriteerd of dalk 'n bietjie lusteloos? | | | |
| Is jy dors of honger? | | | |
| Hoe haal jy asem? Vinnig of stadig? | | | |

<u>Aktiwiteit 14</u>

Wat is jou verskoning?

Kyk na die verskonings hieronder wat kinders volgens BBC-televisie in Brittanje aangevoer het waarom hulle nie wil oefening doen nie. Hou 'n **klasbespreking** hieroor.

- *"dis nie koel nie"*
- *"My vriende en familie oefen nie waarom moet ek?"*
- *"Wanneer ek oefen, kry ek warm, voel ongemaklik en raak sweterig. Ek hou nie daarvan nie."*

Klasbespreking

Hou 'n oorredings-toespraak

Portuurassesering

**Sigbelemmerings:**
**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.

Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word.

**Gehoorbelemmerings**

| | | | |
|---|---|---|---|
| * voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, vraend),<br><br>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme; letterlike en figuurlike gebruik),<br><br>* bywoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* voegwoorde,<br><br>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),<br><br>* telwoorde,<br><br>* tussenwerpsels,<br><br>* voorsetsels;<br><br>verstaan die verskil tussen sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies) en gebruik dit korrek;<br><br>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;<br><br>gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;<br><br>gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;<br><br>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan | × *"Ek wil nie spiere hê nie –hoekom moet ek dan oefen?"*<br><br>× *"Ek hou nie van spanaktiwiteite nie, daarom neem ek nie aan sport deel nie?"*<br><br>× *"Ek verkies dit om in my vrye tyd rekenaarspeletjies te speel of met my vriende te gesels en televisie te kyk."*<br><br>**Hou 'n oorredingstoespraak.**<br><br>Watter raad het jy vir hierdie kinders? Hoe sal jy te werk gaan om hulle te motiveer om wel te begin oefen. Onthou dit is 'n oorredingstoespraak. Jy moet mense van jou standpunt oortuig.<br><br>**Riglyne om jou te help.**<br><br>**Inleiding:** Kry 'n goeie aanhaling wat by die onderwerp pas . Jy moet die gehoor se aandag onmiddellik trek.<br><br>**Inhoud:** Hier moet jy minstens 2 of 3 argumente kan noem en beredeneer. Dit is ook belangrik dat jy jou argument met toepaslike voorbeelde kan motiveer. Elke argument met sy ondersteunende gedagtes moet aansluiting vind by jou onderwerp. Moenie van jou onderwerp afdwaal nie!<br><br>**Slot:** Vat jou inhoud/argumente saam in ongeveer 2 tot 3 sinne. Jy moet kragtig opsom hoe jy oor die saak voel. Gebruik 'n gepaste idioom of pas die idioom spesiaal vir jou aanbieding aan. *(Dink aan wat Oubaas van 7de Laan sou sê)* Wees oorspronklik. Die slot moet nie te lank wees nie.<br><br>Laat jou klasmaats jou evalueer. | Verduidelik die | Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help |

| | | | |
|---|---|---|---|
| wanneer elkeen gepas is;<br><br>verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van punktuasie, bywoorde en voornaamwoorde;<br><br>gebruik die ontkennende vorm korrek en op verskillende maniere;<br><br>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens, skuinsstreep).<br><br>As 3 Werk met tekste:<br><br>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;<br><br>gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;<br><br>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;<br><br>orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep.<br><br>As 4 Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:<br><br>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte; | <u>Aktiwiteit 15</u><br><br>Die gebruik van die **deelteken.** Die deelteken word gebruik om ‘n nuwe lettergreep aan te dui bv. Re/ën, o/ë Leer die volgende:<br><br>Dieet – diëte finansieel – finansiële<br><br>Gee vir jou leerders ‘n paragraaf uit ‘n koerant met woorde sonder deeltekens en kyk of hulle die woorde kan identifiseer.<br><br>Bv. Kry die woord *universeel* enige deeltekens?<br><br><u>Aktiwiteit 16</u><br><br>Die **kappie** dui ‘n lang, uitgerekte klank aan, bv: *wêreld, brûe*, *miljoenêr*<br><br>Gee vir die leerders ‘n paragraaf uit ‘n koerantartikel en kyk of hulle die volgende woorde van kappies gaan voorsien: *Ster, kombers, pers, stert, sover, vlermuis, perde, regverdig* (hierdie woorde word nie met ‘n kappie geskryf nie)<br><br>Voorsien die leerders van sinne en dan moet hulle elke keer die regte woord kies bv.<br><br>1. Lesego is nog in die (*laêrskool, laërskool, laerskool*) in 7de Laan.<br><br>2. Dit is ‘n oulike (*vêrs, vërs, vers)* wat Emma voorgedra het.<br><br>3. Oprah het *(êrens, ërens, erens)* ‘n advertensie van die Osner Hotel gesien.<br><br>4. Selfs die *(militêre, militere, militëre)* afdeling wou vir Oprah sien.<br><br><u>Aktiwiteit 17</u><br><br>Toets die leerders se kennis van die **lydende** en **bedrywende** vorm. | volgende 3 aktiwiteite aan jou klasmaats.<br><br>Die gebruik van die deelteken, die kappie, lydende en bedrywende vorm | Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word |

| | | | |
|---|---|---|---|
| onderskei tussen formele en informele taalgebruik en gebruik 'n gepaste styl vir skryf en praat;<br><br>gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas en kreatief.<br><br>As 5 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:<br><br>identifiseer geïmpliseerde betekenis en veelvoudige betekenis;<br><br>identifiseer manipulerende taal en herskryf dit sonder emosionele ondertone;<br><br>identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.<br><br>As 6 Gebruik metataal:<br><br>gebruik byvoorbeeld terme soos "tesourus", "akroniem", "klanknabootsing", "dubbelpunt". | In Afrikaans gebruik ons meestal die lydende vorm ter wille van:<br><br>• Beleefdheid<br>• Groter **klem** op die **voorwep**<br>• Die uitskakeling van **dubbelsinnigheid**<br><br>Die **bedrywende vorm** begin met die onderwerp. Die **lydende vorm** begin met die voorwerp. Onthou die werkwoord se vorm mag nie verander nie. | | |
| Hulpmiddels: Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte, TV , videobande<br><br>Nabetragting: | | | |

# LESPLAN

(drama)

**Afrikaans Huistaal** **Konteks**: Drama

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad:8** |
|---|---|---|---|
| **LU EN ASS** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| <u>Lu 1 Luister</u><br><br>As 1 Luister na en waardeer uitdagende verbeeldings- en informatiewe mondelinge tekste (soos gedigte, prysgedigte, radioverhale met twee of drie episodes, radiodramas, kort besprekings, advertensies en debatte oor die radio).<br><br>As 5 Identifiseer die spreker se redes vir die keuse van spesifieke woorde, frases en sinne om die luisteraar te beïnvloed en verduidelik die impak daarvan (soos oorredende taal, die onderskeid tussen feite en menings, die herkenning van partydigheid en vooroordeel).<br><br>As 6 Identifiseer die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.<br><br><u>Lu 2 Praat</u><br><br>As 1 Dra idees en gevoelens op 'n kreatiewe en ekspressiewe manier, met 'n groot mate van selfvertroue en met beperkte ondersteuning oor deur | <u>Nota aan onderwyser</u> (sien jou Prov Ass Guideline bl. 15)<br><br>Onthou in Huistaal word veral klem gelê op **skryf** en **lees** aktiwiteite.<br><br>**Formele take:** Voorbereide toespraak (30)<br><br>Onthou dat vraestel 2 wel voor die tyd geskryf kan word.<br><br>Dit moet 'n verhalende opstel bevat van 200 – 250 woorde (40 punte)<br><br><u>Aktiwiteit 1</u><br><br>Bou op vooraf kennis. Wat weet jou leerders as dit kom by die kritiese lees van 'n drama? *(sien vorige kwartaal se uitgewerkte lesse re: drama)*<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>Kom ons fliek saam!<br><br>Almal geniet 'n goeie fliek of selfs van die sepies op televisie. Weet die leerders dat elke kameraskoot, die beweging van die | Vraag en antwoorde<br><br>Bou op Vooraf kennis<br><br>Praat saam | <u>In alle gevalle</u><br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke novelle/fabel/kortverhaal wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 'n verskeidenheid mondelinge tekssoorte te gebruik (soos verhale, grappies, dramas).<br><br>As 4 Toon 'n verskeidenheid basiese interaksievaardighede deur aktief aan groepbesprekings, gesprekke, onderhoude en debatte deel te neem:<br><br>bespreek belangrike vraagstukke (soos sosiale en etiese kwessies betreffende menseregte en die omgewing);<br><br>stel gepaste vrae;<br><br>neem verskillende rolle aan;<br><br>herken ander se menings en verskil beleefd waar nodig;<br><br>motiveer eie standpunt;<br><br>gee en ontvang opbouende kritiek;<br><br>oorreed ander;<br><br>oorbrug gapings deur vrae te stel, keuses te noem, reaksies oop te hou, ware belangstelling te toon;<br><br>toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.<br><br>As 5 Doen mondelinge aanbiedings met redelike akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te gee aan:<br><br>duidelike en hoorbare uitspraak;<br><br>die gebruik van pouses; | kamera, die musiek, byklanke, kleure, die agtergrond en akteurs se klere en gebare ook betekenis oordra?<br><br>**Gesels in groepe.**<br><br>Wat is die leerders se gunsteling TV-program? Waarom? Vind uit wie in die groep hou daarvan om na sepies soos *Generations, The Bold and the Beautiful, Viila Rosa, Binnelanders, Scandal, 7de Laan* en *Isidingo* te kyk.<br><br><u>Aktiwiteit 3</u><br><br>**Hou ‘n dinkskrum**<br><br>Vra die leerders of hulle weet wat is die kenmerke van ‘n sepie? *(skryf die kenmerke op die swartbord)* Wie in die groep kan vertel waarom hulle die betrokkke dramas sepies noem?<br><br>**Die kenmerke van ‘n sepie**<br><br>▪ Dit is ‘n **vervolgverhaal** wat in episodes verdeel is.<br>▪ Die verhaal strek oor ‘n **aantal episodes**<br>▪ **Storielyne** word na volgende episodes oorgedra.<br>▪ Liefde, verhoudings, menslike konflik, hartseer, liefdesdriehoek ens. is gewoonlik **temas** en/of subtemas<br>▪ **Gebeure word gedurig herhaal**: hofmakery, troues, egskeidings, die afsterwe van ‘n geliefde, die verdwyning van ‘n karakter, skinder, ongelukke ens.<br>▪ Verskillende **intriges** word tegelyk aangebied<br>▪ Storielyne en karakters **roteer** gereeld (*Dawid Greeff*) | Klasbespreking<br><br>dinkskrum<br><br>Maak ‘n lys (kenmerke van ‘n sepie) | en ‘n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik ‘n **glimpen** *(“highliter”)* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>**<u>Swak gehoor</u>**<br><br>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas ‘n bietjie stadiger en “scaffold” die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| tempo- en volumewisseling;<br><br>doel en teikengroep;<br><br>liggaamshouding en -taal;<br><br>verskillende aanbiedingswyses;<br><br>register;<br><br>toon;<br><br>verskillende sosiale en kulturele konvensies;<br><br>gepaste tegnieke soos klimaks en antiklimaks en hiperbool (oordrywing tere wille van effek).<br><br>As 6 Identifiseer en bespreek kenmerke wat tot die sukses van eie kommunikasie bydra.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 1 Lees 'n wye verskeidenheid tekssoorte en dikwels vir genot en inligting, bespreek persoonlike reaksie, die tekssoorte wat hy/sy geniet en beveel tekste vir ander aan.<br><br>As 2 Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos in vorige grade ontwikkel).<br><br>As 4 Toon begrip van informatiewe tekste:<br><br>identifiseer hoofgedagtes en maak 'n opsomming;<br><br>verduidelik hoe besonderhede hoofgedagtes ondersteun;<br><br>bevraagteken idees waar gepas; | ▪ Die karakters is gewoonlik **stereotipes.**<br><br>▪ Daar is nie 'n enkele held nie en die wye verskeidenheid karakters skep geleentheid vir die kyker om met een of meer te identifiseer.<br><br>▪ Die **musiek**klankbaan wat vir die sepie gebruik word, is onmiddellik herkenbaar<br><br>▪ Dit word daagliks op dieselfde tyd uitgesaai.<br><br><u>Aktiwiteit 4</u> (demonstrasie)<br><br>**Ken jou leerders die verkillende kameraskote?**<br><br>Die regisseur en kameraman gebruik 'n kamera om hul idee van 'n toneel aan die kyker oor te dra. Hulle gebruik die kamera op die volgende maniere.<br><br>**1. Wye skoot of panoramaskoot**<br><br>Die kamera beweeg horisontaal oor 'n toneel. Gewoonlik 'n openingskoot van 'n klein dorpie of 'n landskap.<br><br>**2. Nabyskoot**<br><br>Net 'n gedeelte van 'n gesig word gewys. Die regisseur wil byvoorbeeld die vrees op die karakter se gesig beklemtoon.<br><br>**3. Hoë kamerahoek**<br><br>Die kamera"hang" bokant die karakters/toneel en kyk af op die karakters of toneel. Die karakters lyk kwesbaar. Hierdie kamerahoek word ook 'n voëlperspektief genoem.<br><br>**4. Lae kamerahoek** | Klasbespreking<br><br>Praktiese demonstrasie<br><br>dramatiseer<br><br>Verduideliking<br><br>Aan 'n maat<br><br>Saam met 'n maat | **<u>Leerders met 'n spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer |

| | | | |
|---|---|---|---|
| beoordeel die geldigheid van argumente en maak gevolgtrekkings op grond van bewyse;<br><br>identifiseer en verduidelik verskillende standpunte;<br><br>onderskei tussen menings en feite.<br><br>As 5 Verduidelik hoe die hoofkenmerke en struktuur van verskillende tekssoorte tot die funksie daarvan bydra (soos gedigte, kort romans, koerantberigte, briewe, ballades, boekresensies).<br><br>As 6 Toon begrip van 'n teks, die doel daarvan en hoe dit met eie leefwêreld skakel deur die intrige, temas, waardes, karakters en ruimte/agtergrond te bespreek.<br><br>As 8 Reageer krities op tekste:<br><br>bespreek die skrywer se standpunt;<br><br>bespreek implisiete (verskuilde) boodskappe, partydigheid en vooroordeel;<br><br>bespreek hoe die konteks die boodskap beïnvloed;<br><br>identifiseer wat uit die teks gelaat is en bespreek die redes daarvoor;<br><br>bevraagteken of hy/sy met die boodskap saamstem.<br><br>As 10 Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.<br><br><u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As 1 Skryf 'n verskeidenheid verbeeldingstekste:<br><br>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander; | Die kamera is laer as 'n mens se oogvlak. Jy sien 'n gebou of persoon uit 'n lae hoek/van die grond af. Die persoon of gebou is groter en dreigender as normaal.<br><br>**5. Ooghoogte**<br><br>Hierdie kamerahoek word die meeste gebruik. Ons sien 'n karakter of toneel asof ons self in die toneel of voor die ander karakter staan.<br><br>**6. Kamera met die hand vashou**<br><br>Jy voel deel van die toneel, asof jy 'n ander persoon jaag. Die regisseur plaas ons dus in die plek van 'n karakter, monster of selfs 'n dier.<br><br>**7. Zoem**<br><br>Die kameraman verstel die kameralens en trek die beeld nader.<br><br>**8. Beweging: opkrink/tilt**<br><br>Die kamera beweeg vertikaal op. Bv 'n karakter staan in die deur. Die kamera begin op sy/haar skaduwee fokus en krink (tilt) op na die voete, knieë, tot by die oë. Die toneel is langer en dramatieser.<br><br>Dit is belangrik dat die leerders die teorie ken , maar hulle moet kan verduidelik wat is die **doel** van die skoot.<br><br>Laat leerders eers kyk hoeveel van hierdie kamerahoeke en kameraskote hulle kan identifiseer en benoem en verduidelik wat die doel was van so 'n spesifieke skoot.<br><br><u>Aktiwiteit 5</u> (praktiese oefening)<br><br>Laat die leerders 'n praktiese oefening doen. Aangesien die | | Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>**Sigbelemmerings:**<br>**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word.<br><br>**Gehoorbelemmerings**<br><br>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, |

| | | | |
|---|---|---|---|
| verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.<br><br>As 3 **Toon basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke gepas vir 'n tekssoort:**<br><br>**onthul karakters, beskryf die ruimte/agtergrond en ontwikkel die intrige in verhalende en beskrywende tekste;**<br><br>As 4 Gebruik die skryfproses saam met ander en individueel om tekste te skep:<br><br>gebruik toenemend ingewikkelde tekssoorte as skryfmodelle;<br><br>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;<br><br>**organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe**;<br><br>**dink na oor konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, taalgebruik en logiese struktuur in gedagte tydens hersiening;**<br><br>**dink krities na oor eie en ander se skryfwerk, maak aanbevelings en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;**<br><br>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;<br><br>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas | formele taak 'n verhalende opstel insluit laat die leerders in groepies 'n episode van 'n sepie skryf.<br><br>Laat die leerders in 5 groepe verdeel. Laat elke groep 'n karakter – 'n held of heldin- kies wat in die drama/episode uitgebeeld word.<br><br>Laat elke groep iemand aanwys om die rol van 'n hoofkarakter te speel, terwyl die ander in die groep die bykarakters speel.<br><br>Die groepe moet hulself so organiseer dat hulle self woorde ***(die storie/gebeure/dialoog)*** vir hul tonele uit dink en dit in die vorm van 'n dialoog neer skryf.<br><br>Natuurlik moet die groepe self besluit waar die tonele (***plek/ruimte/agtergrond/dekor***) gaan afspeel.<br><br>Die karakters moet die korrekte houding van die helde en heldinne oordra en besluit hoe hulle hul stemme gaan gebruik (***toon en stemprojeksie)***<br><br>Maak seker die karakters behou ***oogkontak*** met die gehoor en weet hoe hulle hul ***liggaamshouding, gebare en uitspraak van elke karakter gaan voorstel.***<br><br><u>Aktiwiteit 6</u><br><br>Die volgende werksverdeling bevat 'n **lys van instruksies** en riglyne wat in die korrekte volgorde geplaas en neergeskryf is.<br><br>Dit sal die groepe help om die toneel wat opgevoer gaan word, vlot te laat verloop.<br><br>✓ Skryf die dialoog<br><br>✓ Ontwerp of bou die dekor/agtergrond<br><br>✓ Ontwerp of leen die klere (kostuums) | Praktiese oefening<br><br>Verhalende opstel<br><br>Skryf van 'n sepie<br><br>lys van instruksies<br><br>n groepe<br><br>kompetisie | dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help |

| | | | |
|---|---|---|---|
| kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;<br><br>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;<br><br>Lu 5 Dink en Redeneer<br><br>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:<br><br>pas denk- en redenasievaardighede in verskeie kontekste oor die kurrikulum heen toe;<br><br>bepreek en verduidelik die perspektief en standpunt van die skrywer in verskeie tekste;<br><br>verduidelik en bespreek oorsaak en gevolg (soos: "Waarom is dit die oorsaak van …?");<br><br>stel 'n teenargument en gee redes (soos: "Ek stem nie saam nie, want…en ek staaf my redenasie soos volg …");<br><br>herken en verduidelik waarom inligting as "feitelik" of "objektief" beskou kan word;<br><br>gebruik eie ervaringe om 'n standpunt te motiveer;<br><br>stel vrae en maak afleidings ten einde probleme op te los en makliker oor komplekse sake, idees en gevoelens te dink (soos oor menseregte- en omgewingskwessies, persoonlike probleme, kruiskurrikulêre onderwerpe). | ✓ Grimeer die karakters<br>✓ Maak die beligting en die verhoog gereed<br>✓ Oefen nou in groepe<br>✓ Elke groep kry 'n kans om die toneel vir die klas te rolspeel<br>✓ Repetisie en verfilming<br><br>Aktiwiteit 7 (Rolspel – waar begin ek?)<br><br>**Hoe om julle groepe se rolspel te beplan.**<br><br>Julle eie voorgeskrewe werke, die media (*koerante/ die nuus/tydskrifte)* en jul eie ervarings is goeie bronne van inligting vir jul rolspel.<br><br>Julle as 'n groep moet saam besluit op 'n onderwerp/tema waarmee al die karakters gemaklik voel.<br><br>Hou 'n dinkskrum oor die omstandighede en konteks, argumente, woordkeuses en moontlike oplossings vir die konflik in jul storielyn.<br><br>Julle moet nou al weet **wat** die karakters gaan sê – die inhoud en wat die karakters gaan oordra en **hoe** die karakter iets gaan sê. En wat van die situasie waarbinne die spreker hom bevind – is dit formeel of informeel van aard?<br><br>Onthou die volgende:<br><br>'n Hoë **stemtoon** vertel dat 'n spreker opgewonde/ bang/ senuweeagtig/ kwaad is. 'n Laer stemtoon dui op rustigheid/ernstigheid/bedaardheid.<br><br>**Stemprojeksie** dui op die sterkte (sagtheid of hardheid) van 'n spreker se stem. Die spreker kan fluister/duidelik praat/hard | Rolspel in groepe | **Swak siende**: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik<br><br>As 1 Werk met woorde:<br><br>gebruik kennis van lettergrepe om woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap;<br><br>gebruik basiese spelreëls en 'n verskeidenheid spelstrategieë om onbekende woorde te spel;<br><br>gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);<br><br>skep eie spellys vir moeilike woorde, veral woorde van oor die kurrikulum heen, en bespreek probleemwoorde;<br><br>gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat en spelvermoë uit te brei;<br><br>gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;<br><br>gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat in konteks te ontwikkel;<br><br>verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hou nuutskeppinge in 'n taal ontstaan en gebruik dit gepas;<br><br>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;<br><br>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas. | praat/skreeu.<br><br>Volgehoue **oogkontak** met die gehoor, 'n geskikte liggaamshouding en natuurlike gebare is belangrik om betekenis oor te dra.<br><br>Die **uitspraak** van woorde moet natuurlik en soos alledaagse spreektaal wees.<br><br>Onthou in hierdie praktiese sessie van rolspel moet praat- en taalvaardighede deurentyd aandag kry. Stel iemand in die groep aan as hekwagter om te sorg dat julle uitspraak reg is en dat jul suiwer afrikaanse woorde gebruik en nie jul tale meng nie.<br><br>Aktiwiteit 8<br><br>**Wat beteken dit om groepwerk te doen?**<br><br>Die groep moet mekaar help om die onderwerp van bespreking beter te verstaan. Elkeen dra dus daartoe by dat iemand anders "groei" na 'n beter begrip en selfvertroue om oor die onderwerp te gesels.<br><br>Die groepleier:<br><br>➢ Gee elkeen 'n kans om te praat<br><br>➢ Begin doelgerig met: "Wat dink jy van ......?"<br><br>➢ Lei die bespreking en oorheers nie die bespreking nie<br><br>➢ Som die groep se idees en opinies tussenin op<br><br>➢ Vra vrae om koers te gee aan die bespreking:<br>bv "Wat sou julle sê van ...?" "Kom ons kyk/lees weer ..."<br><br>➢ Beplan die tyd wat die groep het vir die bespreking, | Die dinamika van groepwerk | bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 2 Werk met sinne:<br><br>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:<br><br>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname, abstrakte s.nwe.),<br><br>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, vraend),<br><br>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme; letterlike en figuurlike gebruik),<br><br>* bywoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* voegwoorde,<br><br>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),<br><br>* telwoorde,<br><br>* tussenwerpsels,<br><br>* voorsetsels;<br><br>verstaan die verskil tussen sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies) en gebruik dit korrek;<br><br>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas; | vir neem van besluite, om 'n samevatting te doen en terugvoering te gee<br><br>Die groeplede:<br><br>➢ Neem aktief deel deur te luister<br><br>➢ Erken bydraes en standpunte van ander lede<br><br>➢ Onthou dat goeie verhoudinge bydra tot sukses<br><br>Aktiwiteit 9 (Formele taak: verhalende opstel)<br><br>**Hoe beplan ek nou weer 'n skryfstuk?**<br><br>Beplan jou skryfstuk eers rofweg. Maak 'n **kopkaart** van waaroor jy wil skryf en watter woorde jy wil gebruik.<br><br>Skryf nou jou eerste poging. (*dit maak nie saak of jy nou foute maak nie)*<br><br>Lees nou jou eerste poging deur en maak enige foute reg wat jy teëkom. Jy kan ook jou maat vra om jou poging deur te lees.<br><br>Skryf nou 'n **tweede poging** waar jy alle foute reggemaak het. Maak seker jy het 'n woordeboek gebruik om moeilike spelwoorde korrek te spel.<br><br>Lees die poging weer deur. Dit help ook as jy dit hardop lees en luister hoe dit klink. Jou maat kan ook luister.<br><br>Skryf nou jou finale poging. Dit is die skryfstuk wat jou onderwyser gaan assesseer.<br><br>Handig jou beplanning en alle pogings saam met die finale poging in, want jou redigering en proeflees word ook geassesseer. | Formele taak: verhalende skryfstuk<br><br>Kopkaart<br><br>Die skryfproses<br><br>Werk saam met 'n maat<br><br>Rubriek | **Hiperaktiewe kind:** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.<br><br>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word |

| | | | |
|---|---|---|---|
| gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;<br><br>gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;<br><br>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;<br><br>verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van punktuasie, bywoorde en voornaamwoorde;<br><br>gebruik die ontkennende vorm korrek en op verskillende maniere;<br><br>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens, skuinsstreep).<br><br>As 3 Werk met tekste:<br><br>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;<br><br>gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;<br><br>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;<br><br>orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep. | Aktiwiteit 10 (Roosters)<br><br>Bring voorbeelde van verskillende roosters klas toe, bv. Bus- en treinroosters, TV-roosters, Telkom se Callmore- tye, die poskantoor se pryslyste.<br><br>Bestudeer die roosters en maak seker jou leerders verstaan hoe dit werk.<br><br>Aktiwiteit 11 (Praktiese oefening)<br><br>Bring 'n TV-rooster met die hele week se programme klas toe.<br><br>Laat die leerders die TV-rooster bestudeer en laat die leerders die programme merk wat hulle graag wil sien. Laat die leerders die programme verdeel in kategorieë soos nuus, sepies, opvoedkundig, strokies, sport ens.<br><br>**Trek nou 'n tabel** op met opskrifte soos nuus, sport, strokies, opvoedkundig, sepies .<br><br>Vul die TV-programme waarvoor jy tyd het, op jou rooster in. Werk uit hoeveel tyd jy voor die TV spandeer. Kyk mooi na die begintye en wanneer jou betrokke program eindig.<br><br>Aktiwiteit 12 (Kritiese taalbewustheid)<br><br>Deel die klas op in groepe. Elke groep gaan nou terug na hul novelle/kortverhaal/voorgeskrewe boek.<br><br>Elke groep gaan nou soek na voorbeelde van **partydigheid, stereotipe, oorredende taal, manipulerende taal** en **emotiewe taal (gevoelstaal)**<br><br>Kyk watter groep kon die meeste voorbeelde kry. (*bring die kompetisie element terug)* | Praktiese oefening<br><br>Hoe werk TV-roosters?<br><br>Stel jou eie tabelle op<br><br>Saam met 'n maat<br><br>Groepwerk<br><br>Soek na voorbeelde saam met 'n maat | Klaskameratmosfeer<br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**Skryfprobleme**<br><br>Hou jou sinne kort |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 4  Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:<br><br>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;<br><br>onderskei tussen formele en informele taalgebruik en gebruik 'n gepaste styl vir skryf en praat;<br><br>gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas en kreatief.<br><br>As 5  Ontwikkel kritiese taalbewustheid:<br><br>identifiseer geïmpliseerde betekenis en veelvoudige betekenis;<br><br>identifiseer manipulerende taal en herskryf dit sonder emosionele ondertone;<br><br>identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.<br><br>As 6  Gebruik metataal:<br><br>gebruik byvoorbeeld terme soos "tesourus", "akroniem", "klanknabootsing", "dubbelpunt | <u>Aktiwiteit 13  (Lees vir die radio of televisie)</u><br><br>Hierdie is 'n prettige manier om leesvlotheid in groepsverband te ontwikkel sonder om 'n leerder wat sukkel om te lees in die verleentheid te stel.<br><br>Laat die leerders enige teks kies wat nuuswaardig en interessant is.  Die leerders rolspeel as nuusleser.  Slegs die onderwyser en die leerder het 'n kopie van die teks.  *(kleiner leesfoute word dus nie deur die ander lede van die groep opgemerk nie)*<br><br>Voordat leerders hardop vir die klas lees,  kan hulle eers die nuusberig 'n paar keer ter voorbereiding stillees om hul selfvertroue te verbeter.<br><br>Die leerder word ook aangemoedig om op 'n gevoelvolle en vloeiende wyse te lees soos 'n nuusleser oor die radio of op televisie. | Hardop lees asof jy vir die TV of radio lees<br><br>Lees vir genot | <u>In die klaskamer</u><br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees. |

Hulpmiddels: Fotostaat van kortverhaal, Prente, Liedjies, Woordeboek,  Stories,  Skryfbord,  Speletjie,  Spreker,  Kasette,  Atlas,  Rekenaar, Woordkaarte,TV , videobande

Nabetragting:

# LESPLAN

(fabel/novelle/kortverhale)

**Afrikaans Huistaal** **Onderwerp**: fabel/novelle/kortverhale

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad:8** |
|---|---|---|---|
| **Lu en Ass** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lu 1 Luister<br><br>As 2 Luister aandagtig vir spesifieke inligting en kerngedagtes en reageer gepas:<br><br>maak aantekeninge, som op en dra inligting akkuraat oor;<br><br>besin oor menings, stel weldeurdagte vrae en bevraagteken waar nodig.<br><br>As 3 Herken hoe bekende mondelinge tekste gestruktureer is en **beskryf sommige kenmerkende eienskappe** daarvan (soos weerverslae, aanwysings, grappies, liedjies). Dit sluit in: die **herkenning van tegnieke wat vir humor gebruik word,** soos pouses en eenvoudige trefreëls, en die identifikasie van die gebruik van byklanke in verskillende oudiovisuele tekste.<br><br>As 7 Identifiseer die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.<br><br>Lu 2 Praat<br><br>As 2 Dra idees, feite en menings duidelik en met redelike akkuraatheid en samehang oor deur 'n beperkte verskeidenheid feitelike, mondelinge tekssoorte te gebruik (soos besprekings, kort | Nota aan onderwyser: (sien jou Prov Ass Guideline boek bl. 15)<br><br>In Huistaal val die klem baie op **lees** en **skryf** aktiwiteite<br><br>**Formele take**<br><br>Voorbereide toespraak (30 punte)<br><br>Aktiwiteit 1<br><br>Dit is noodsaaklik dat die onderwyser eers self die literêre teks deurlees voordat dit saam met die leerders gelees word. Die onderwyser moet wyer lees, navorsing doen, inligting insamel sodat hy/sy met verrykte kennis voor die leerders kan staan.<br><br>Dit voorkom dat die onderwyser foutiewe afleidings maak of foutiewe inligting aan leerders oordra.<br><br>Aktiwiteit 2<br><br>Wanneer 'n kortverhaal, roman of drama bloot saam met die leerders gelees word sonder om op kerngedeeltes van die teks te fokus, word hulle oorweldig deur die baie inligting en kan hulle dikwels nie onderskei tussen wat belangrik is en wat nie.<br><br>Aktiwiteit 3 | Onderwyser moet homself eers ontwikkel<br><br>Luisteroefening | In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke novelle/fabel/kortverhaal wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die |

| | | | |
|---|---|---|---|
| argumente).<br><br>As 5 **Doen mondelinge aanbiedings** met 'n mate van akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te gee aan:<br><br>duidelike en hoorbare uitspraak;<br><br>die gebruik van pouses;<br><br>tempo- en volumewisseling;<br><br>doel en teikengroep;<br><br>liggaamshouding en -taal;<br><br>verskillende sosiale en kulturele konvensies;<br><br>gepaste tegnieke soos klimaks en antiklimaks.<br><br>As 6 Herken en verduidelik die sukses van eie kommunikasie.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 2 Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vlugleed, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding).<br><br>As 3 Identifiseer die doel, teikengroep en konteks van 'n teks.<br><br>As 4 Toon begrip van informatiewe tekste:<br><br>identifiseer hoofgedagtes en verduidelik hoe besonderhede dit ondersteun;<br><br>maak 'n opsomming van kernfeite. | Besluit vooraf watter tipe vrae oor die teks gevra moet word, watter onderrigstrategie sal besinning, bespreking en kritiese dink bevorder.<br><br><u>Aktiwiteit 4</u><br><br>Probeer tyd inruim om geleenthede te skep om betrokke te raak by tekste wat gelees is en toon persoonlike en kritiese response.<br><br>**Persoonlike response** sluit vrae in soos die volgende:<br><br>❖ Wat was jou eerste indruk van die kortverhaal?<br>❖ Het jy dit geniet om die roman te lees?<br>❖ Kan jy met die gebeure in die teks identifiseer?<br>❖ Kan jy onderskei tussen ‘n feit, afleidings en opinie tydens die lees van die kortverhaal?<br><br>**Kritiese response** sluit vrae in soos die volgende:<br><br>❖ Wat is die skrywer se doel met die teks en wie is die teikengroep?<br>❖ Wat is die skrywer se siening of standpunt oor die onderwerp?<br>❖ Hoe is die teks aangebied in terme van register/styl, woordkeuse, figuurlike taal en literêre stylmiddels?<br><br><u>Aktiwiteit 5</u> | Self eie respons<br><br>Kritiese response<br><br>Klaswerk<br><br>Vergelyk mekaar s’n | sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 7 Identifiseer en bespreek die tegnieke wat gebruik word om 'n spesifieke effek in geselekteerde visuele, geskrewe en multimedia-tekste te bereik:<br><br>eenvoudige literêre tegnieke en taalgebruik (soos woordspeling, register);<br><br>ontwerpstegnieke (soos keuse en plasing van prente/foto's, gebruik van lettergrootte en lettertipe, kleur);<br><br>kamera- en filmtegnieke (nabykskote, zoemskote).<br><br>As 8 **Reageer krities op tekste:**<br><br>**identifiseer die skrywer se standpunt;**<br><br>**identifiseer implisiete (verskuilde) boodskappe;**<br><br>**identifiseer opvallende partydigheid en vooroordeel;**<br><br>**identifiseer maniere waarop die skrywer die lees van die teks deur sorgvuldige woordkeuse vorm.**<br><br>As 9 Identifiseer en bespreek die sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies in tekste (soos duidelik in aspekte soos inhoud, taal, kunswerk, karakterisering blyk).<br><br>As 10 Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.<br><br><u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As 1 Skryf verskeie verbeeldingstekste:<br><br>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander; | **Aspekte om te onthou by die onderrig van 'n kortverhaal**<br><br>'n Kortverhaal het gewoonlik net een fokuspunt of plot. Minder karakters tree in die kortverhaal op as in 'n roman en die ruimte/milieu is gewoonlik beperk. Die leerders moet kan bepaal of die verhaal deur 'n karakter in die verhaal vertel word, of deur 'n verteller buite die verhaal.<br><br>Bepaal wat die sentrale konflik of fokus is en besluit waarom 'n karakter op 'n sekere wyse optree.<br><br>Die leerders moet persoonlike response toon. Hoe voel hulle oor die verhaalgebeure en karakters? Die leerders moet kommentaar lewer en vrae oor die boodskap/tema van die verhaal vra.<br><br><u>Aktiwiteit 6</u><br><br>***(Bloom se taksonomie)***<br><br>Leerders maak 'n lys van die verskillende emosies wat 'n karakter ervaar. Hulle stel vas hoe die karakter die emosies hanteer het en evalueer in 'n groepsbespreking hierdie reaksies.<br><br>Vra die volgende vrae<br><br>• Watter tipe vrees/vreugde het jy by die karakter opgemerk?<br>• Waarom was hulle bang/bly?<br>• Hoe weet jy hulle was bang/bly?<br>• Hoe het dit hulle laat optree?<br>• Watter vrese/vreugdes ervaar jy?<br>• Hoe laat dit jou optree? | Bloom se taksonomie | **<u>Swak gehoor</u>**<br><br>Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf** van verhalende **en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings,** vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, **strokiesverhale**, limerieke en liedjies.<br><br>As 2  Skep verskeie feitelike skriftelike en multimodale tekste (tekste met druk en beelde) vir verskeie doeleindes deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in ooggetuieverslae, plakkate, advertensies, boekresensies, resepte, instruksies vir speletjies te gebruik.<br><br>As 4  **Gebruik die skryfproses met hulp en saam met ander om tekste te skep:**<br><br>kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van **dinkskrumtegnieke, kopkaarte**, vloeidiagramme en lyste;<br><br>gebruik kennis van ander tekssoorte as skryfmodelle;<br><br>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;<br><br>organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;<br><br>dink na oor konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, taalgebruik en logiese struktuur in gedagte tydens hersiening;<br><br>dink na oor en bespreek eie en ander se skryfwerk en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en | Aktiwiteit  7<br><br>Laat die leerders neerskryf watter probleme hulle met die teks ervaar.  Die onderwyser maak 'n lys van al hierdie probleemaspekte en hanteer dit  tydens die algemene bespreking.<br><br>Aktiwiteit  8<br><br>**Klasdebat.**  Vertoon 2 stellings op die swartbord of op die oorhoofse projektor of data projektor.  Verdeel die leerders in groepies of pare en laat hulle toe om self een van die stellings te kies of wys 'n stelling aan hulle toe.  Hulle moet dan teen 'n ander groep of paar daaroor debatteer.  Leerders word dan een vir een vorentoe geroep om 'n minuut lank ten gunste van een van die stellings te redeneer.<br><br>Aktiwiteit  9<br><br>**Onvoorbereide rolspel.**  Kry 2 vrywilligers uit die klas om die volgende onvoorbereide rolspel te vertolk en 2 karakters te dramatiseer.  Skets vir hulle die agtergrond. *(Hierdie oefening is ideaal wanneer daar 'n spannende hoofstuk klaar gelees is en almal wonder wat volgende gaan gebeur of daar was konflik tussen 2 karakters waarmee die leerders kan identifiseer maar geen oplossing word gebied nie)*<br><br>Aktiwiteit  10<br><br>Hou 'n **dinkskrum**.  Skryf die enige 3 woorde wat verband hou met die tema van die verhaal op die skryfbord neer en hou 'n dinkskrum binne **klasforum**verband oor wat die woorde vir jou beteken.<br><br>Aktiwiteit  11 | Terugvoering oor probleme<br><br>klasdebat<br><br>Onvoorbereide rolspel<br><br>Dinkskrum | Verkort die aktiwiteit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;<br><br>skryf die finale produk en gee aandag aan aanbiedingswyse en basiese ontwerpselemente.<br><br><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u><br><br>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:<br><br>**lei betekenis af en verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, visuele** en mondelinge tekste oor die kurrikkulum heen te eksperimenteer;<br><br>**verduidelik oorsaak en gevolg;**<br><br>**oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is;**<br><br>**ontwikkel en gee uitdrukking aan 'n duidelike eie mening;**<br><br>staaf 'n argument met verskeie soorte bewyse (soos statistiese en ander bewyse);<br><br>stel vrae om eie en ander se denkwyse te ontwikkel;<br><br>gebruik gepaste taalstrukture om komplekse denke uit te druk (soos: Indien hulpbronne regverdig verdeel was, sou ons moontlik minder misdaad gehad het).<br><br>As 2 Gebruik taal om te ondersoek:<br><br>identifiseer inligting wat nodig is om 'n probleem te ondersoek;<br><br>gebruik kernwoorde en -begrippe om relevante inligtingsbronne te kies; | Gebruik ou tydskrifte om 'n **collage** te maak wat jou siening van 'n liefdevolle verhouding of enige ander tema in die verhaal uitbeeld. Of gebruik ou tydskrifte om 'n collage te maak wat die verhouding tussen die hoofkarakter en haar beste vriend uitbeeld na hul eerste rusie. Beoordeel mekaar se werke. Die beste word teen die klaskamermure opgesit.<br><br><u>Aktiwiteit 12</u><br><br>**Waar en onwaar speletjie**. Laat leerders in 'n ry in die middel van die klas staan. Lees stellings en vra die leerders om of na die linkerkant van die klas te beweeg indien hulle dink die stelling is onwaar, of na die regterkant indien hulle dink die stelling is waar. *(kritiese evaluering van 'n stelling, respek vir die mening van ander persone word hier getoets)*<br><br><u>Aktiwiteit 13</u><br><br>Verdeel die klas in groepe van 4 tot 6 leerders. Deel aanhalings uit sodat hulle dit kan bespreek. Laat leerders die vrae/aanhalings in groepsverband bespreek en dan as 'n groep terugvoering gee. Slegs een segsman per groep lewer terugvoering.<br><br><u>Aktiwiteit 14</u><br><br>**Rollees** enige hoofstuk. Laat die leerders spontaan dramatiseer terwyl hulle lees.<br><br><u>Aktiwiteit 15</u><br><br>Hou 'n **meerkeusevasvrae.** Laat hulle een van die moontlikhede (a,b,c.d of e) as antwoord op elke stelling kies om so sy eie kennis oor 'n bepaalde onderwerp te toets. Daar mag plek-plek meer as een korrekte antwoord wees. (*Leerders het pret terwyl hulle leer en verbeter hulle kennis oor 'n bepaalde onderwerp)*<br><br><u>Aktiwiteit 16</u> | Collage<br><br>portuurassessering<br><br>Waar en onwaar speletjie<br><br>Groepwerk<br><br>Bespreek aanhalings<br><br>rollees<br><br>Lees vir genot<br><br>Vasvrae | Leerders met hand en oogkordinasie probleme sal meer tyd gegee word.<br><br><u>In die klaskamer</u><br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| luister, lees en kyk na tekste uit 'n verskeidenheid bronne om idees te versamel en te kies;<br><br>gebruik gepaste verwysingstegnieke en -konvensies wanneer inligting uit bronne aangehaal word (soos skrywer, titel, datum, uitgewer, bladsynommers, webwerf);<br><br>werk aan geïntegreerde projekte oor leerareas heen en skep 'n samehangende produk.<br><br>As 3 Verwerk inligting:<br><br>hou rekord van inligting in 'n gepaste formaat (soos lyste, kopkaarte, aantekeninge, opsommings);<br><br>organiseer inligting op 'n gepaste manier (soos volgens tyd, belangrikheid);<br><br>verander inligting van een formaat (of taal, indien nodig) na 'n ander (soos 'n kopkaart na 'n paragraaf, 'n lys na 'n opsomming);<br><br>besin krities deur idees te deel en te vergelyk;<br><br>vergelyk verskillende standpunte en identifiseer ooreenkomste en verskille;<br><br>gebruik gepaste taal om vergelykings te tref (soos: "eenders as", "verskillend van");<br><br>kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding;<br><br>As 4 Dink kreatief:<br><br>visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los; | Werk jou eie **vasvra** uit. Kies een van die hoofstukke wat julle alreeds in die klas behandel het en vra die leerders om 'n vasvra van nie meer as 10 vrae op een bladsy op te stel. Dit sal aan 'n ander leerder in die klas gegee word om te beantwoord. Die vrae moet basiese feitevrae oor die hoofstuk bevat met kort eenvoudige antwoorde.<br><br>Wanneer die vasvrablaaie gereed is (dalk eers die volgende periode) word hulle onder mekaar uitgeruil of ingeneem. Sodra almal klaar is, word die blaaie terugbesorg om nagesien te word aan leerders wat dit opgestel het.<br><br><u>Aktiwiteit 17</u><br><br>Leerders moet 'n **blokkiesraaisel** in vul deur die leidrade te bestudeer en woorde te gebruik wat betrekking het op die jeugverhaal/kortverhaal/fabel.<br><br><u>Aktiwiteit 18</u><br><br>**Stomstreke.** Verdeel die klas in 2-4 spanne. Vra elke span om 5 interessante woorde uit 'n bepaalde hoofstuk te haal. Die doel is om een van die woorde aan 'n lid van een van die ander spanne te wys en hy/sy moet dan die woord deur middel van stomstreke aan sy/ haar span uitbeeld. Die span verdien 'n punt as hulle binne 'n bepaalde tydperk (bv. 2 minute) kan raai wat die woord is. Slegs nie-verbale kommunikasie word toegelaat. Daar mag nie geskryf of met die vingers gespel word nie.<br><br><u>Aktiwiteit 19</u><br><br>**Raaiselwoorde.** Voorsien die leerders van 10 woorde uit 'n bepaalde hoofstuk. Die letters van die woorde is deurmekaar. Vra die leerdes om die letters te herskommel om die oorspronklike woord te vorm. Leidrade kan ook gegee word om die leerder te help om by die antwoord uit te kom.<br><br><u>Aktiwiteit 20</u> | blokkiesraaisel<br><br>Stomstreke<br><br>Raaiselwoorde | **<u>Leerders met 'n spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer |

**gebruik skryf om idees te ontwikkel** (soos: **joernale**, vrye skryf, **dinkskrumtegnieke, kopkaarte**);

verbeel moontlikhede en alternatiewe om denke uit te brei (stel hipoteses en spekuleer);

oorweeg verskille en gebruik dit skeppend (soos verskille in ervaring, kultuur, belangstellings en persoonlikheid);

vergelyk hoe verskillende tale terme en verskillende leerareas uitdruk en skep skakels om met begrip en probleemoplossings te help.

gebruik taal oor die kurrikulum heen om probleme op te los (bv. Kodewisseling);

## Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik

As 1 Werk met woorde:

onderskei tussen klankgrepe en lettergrepe om die verskil tussen gesproke en geskrewe taal te verstaan;

gebruik kennis van basiese spelreëls en spelling om uitsonderings in spelpatrone te identifiseer;

gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);

skep eie spellys vir moeilike woorde, veral woorde van oor die kurrikulum heen;

gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat en spelvermoë uit te brei;

gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor-

Leerders moet die gebruik van die afkappingsteken by sekere woorde in die teks aan ‘n maat verduidelik.

Aktiwiteit 21

Let op na die leestekengebruik in ‘n betrokke hoofstuk. Verduidelik die gebruik van die kommapunt in ‘n sekere paragraaf aan jou maat.

Aktiwiteit 22

Maak ‘n lys van **moeilike woorde** wat in die novelle/kortverhaal voorkom en vra die leerders om ‘n definisie saam te stel.

| woord | betekenis |
|---|---|
| emigrant | Iemand wat sy land verlaat om in ander land te gaan bly |
| fregat | ‘n ligte vinnige oorlogskip |
| gedelegeerde | Iemand wat afgevaardig is |
| immigrant | Iemand wat van ‘n ander land af kom om in ‘n nuwe land te gaan bly |
| pasifis | Iemand wat ‘n voorstander van vrede is |
| repatrieer | Terugstuur na sy vaderland |
| saluut | ‘n militêre groet |

‘n Mens kan dit verder voer en vra dat die klas hierdie bogenoemde woorde moet teken of illustreer of fisies aan die res van die klas moet kom uitbeeld.

Volgende drie aktiwiteite moet die leerders die taalreëls aan sy/haar maat verduidelik

Koppe tel

**Swak siende**: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.

Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.

Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal

Kry hulp van spesiale skole bv. braille

Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)

**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir

| | | | |
|---|---|---|---|
| en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;<br><br>identifiseer en gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat te ontwikkel;<br><br>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;<br><br>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.<br><br>As 2 Werk met sinne:<br><br>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:<br><br>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname),<br><br>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik),<br><br>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme),<br><br>* bywoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* voegwoorde,<br><br>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),<br><br>* telwoorde,<br><br>* tussenwerpsels, | Aktiwiteit 23 (koppe tel)<br><br>Pas die volgende onderrigstrategie vir tale toe in die klas.<br><br>Elke lid in elke groep word genommer; groepe moet 'n probleem oplos; die onderwyser roep 'n nommer en die lid wat die nommer toegewys is, moet die vraag beantwoord. Die hele groep word verantwoordelik gehou vir korrekte of verkeerde response.<br><br>Vra vir die klas dat hulle moes gaan uitvind het wat 'n ***"windlawaai"*** is. Nommer 2 moet nou aan die klas verduidelik wat 'n "***windlawaai***" is.<br><br>Aktiwiteit 24 (**Formele taak: Voorbereide toespraak)**<br><br>Onderwerp: Dink jy misdaad is werklik 'n probleem in Suid-Afrika?<br><br>In jou toespraak moet na die volgende verwys:<br><br>× Stastistiek<br><br>× Berigte van 'n negatiewe invloed op die positiewe beeld wat ons pres van die land probeer skep<br><br>× Hoe kan ons help om misdaad bekamp? *(Dink aan die volgende: buurtwagte, vrywilligers, polisiereserviste)*<br><br>× Hoe kan die regering help om misdaad te bekamp? *(werk aan die werkloosheid in die land)*<br><br>× Wat kan ons doen om positief te bly in hierdie land van ons?<br><br>Aktiwiteit 25 (**skryf 'n SMS)** | Formele taak: Voorbereide toespraak<br><br>Rubriek<br><br>Skryf SMS | spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.<br><br>**Skryfprobleme**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>**Hiperaktiewe kind:** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.<br><br>Skaam leerders of leerders met 'n spraakgebrek kan hul voordrag of terugrapportering tydens pouses of na skool doen terwyl die ander leerders nie in die klas is nie.<br><br>Klaskameratmosfeer<br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul |

| | | | |
|---|---|---|---|
| * voorsetsels;<br><br>gebruik verskillende sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies);<br><br>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde en voorwerp;<br><br>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;<br><br>gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;<br><br>gebruik die korrekte woordorde in sinne;<br><br>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;<br><br>gebruik die ontkennende vorm korrek;<br><br>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens).<br><br>As 3 Werk met tekste:<br><br>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;<br><br>gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;<br><br>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;<br><br>orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep. | Laat die leerders 'n SMS aan die hoofkarakter skryf waarin hy/sy met hom simpatiseer oor die afsterwe /ontydige dood van sy geliefde en vra dat hy moet positief bly.<br><br>Aktiwiteit 26 (**skryf 'n kort e-pos boodskap**)<br><br>Die leerders moet 'n kort e-pos boodskap van ongeveer 100 woorde aan sy/haar vriend/vriendin in 'n ander dorp skryf. Vertel kortliks van die hoofkarakter se vrou se ontydige dood.<br><br>Aktiwiteit 28 **(sinsuitbreiding)**<br><br>Ons kan 'n sin langer maak deur bepalings by te voeg. Ons kan dus iets meer van die selfstandige naamwoord of die werkwoord sê, bv hoe iets lyk of wanneer iets gedoen word.<br><br>Voorbeelde<br><br>**Enkelvoudige sin**: Die atleet eet kos<br><br>**Byvoeglike bepaling:** *Ons kan die sin uitbrei deur meer te vertel van die* ***atleet*** *en* ***kos.***<br><br>Die vinnige atleet eet gesonde kos.<br><br>**Bywoordelike bepaling:** *Ons kan die sin ook uitbrei deur meer te vertel van die werkwoord bv* Die atleet eet haastig sy gesonde kos.<br><br>Aktiwiteit 29<br><br>Spreekwoorde, idiomatiese uitdrukkings en idiome is voorbeelde van **figuurlike taal**. Dit maak jou skryfwerk en jou mondelinge aanbiedings interessant en beskrywend.<br><br>'n **Spreekwoord** is 'n kort sin wat gewoonlik baie bekend en baie oud is. Dit sê iets wat vir baie mense waar is, of dit is 'n lewensles. | Skryf 'n kort e-pos | onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>**Sigbelemmerings:** **L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word.<br><br>**Gehoorbelemmerings** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 4 **Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:**<br><br>**gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;**<br><br>**onderskei tussen formele en informele taalgebruik;**<br><br>**gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas**.<br><br>As 5 Ontwikkel **kritiese taalbewustheid:**<br><br>**identifiseer taal wat iets anders beteken as wat gesê word - identifiseer geïmpliseerde betekenis;**<br><br>**identifiseer manipulerende taal;**<br><br>**identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.**<br><br>As 6 Gebruik metataal:<br><br>gebruik byvoorbeeld terme soos "onderwerp", "afkorting", "aanhalingstekens". | Spreekwoorde is uitdrukkings wat jou 'n les leer, 'n waarskuwing uitdruk of kommentaar lewer op menslike dwaasheid bv "*Liewer dood as uit die mode"*<br><br>**Idiome** is al die uitdrukkings wat eie aan 'n volk is en sluit spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke in.<br><br>Hoeveel spreekwoorde en idiome het in jou kortverhaal/roman verskyn? Ken jy al hul betekenisse?<br><br>Maak die idiome deel van jou alledaagse woordeskat.<br><br>Bv Die kat kom terug (*wanneer iemand onverwags verskyn of wanneer iets herhaaldelik gebeur)*<br><br>Soos 'n kat sing (*vals sing)* | | Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help |
| Hulpmiddels: Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte, advertensies, kundiges van buite,<br><br>Nabetragting: | | | |